Verwysing: 20210827-5304
Lêerno.: 3/3/3/1/1
Navrae: Inbelsentrum

Strategiese-mensbestuursminuut: 0006/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Prinsipale en Hoofde van opvoedkundige inrigtings

Onderwerp: Gestroomlynde implementering van die Geïntegreerde Gehaltebeheerstelsel vir skoolgebaseerde opvoeders betreffende die assesseringsiklus in 2021

1. Vanweë die omstandighede rondom COVID-19, en die ontwrigting van gewone daaglikse aktiwiteite by skole, bly die status quo van die stroombelynde benadering van krag aangaande die implementering van die Geïntegreerde Gehaltebeheerstelsel (GGBS) vir die assesseringsiklus in 2021. Verwys na die vorige riglyne wat op 11 September 2020 aan u gekommunikeer is.

2. Die gestroomlynde implementering is nie van toepassing op prinsipale (PV4) nie.

3. Die riglyne is slegs van toepassing op skoolgebaseerde opvoeders op Posvlak 1 tot 3, en is soos volg:

3.1 Die jaarlikse assesseringsiklus vir 2021 word beperk tot selfbeoordeling deur die opvoeder waarná dit aan die ontwikkelingsondersteuningsgroep voorgelê sal word vir bevestiging.

3.2 Die opvoeders sal gedurende die jaar hoofsaaklik deur hul onderskeie aktiwiteite geassesseer word.

3.3 Die prinsipaal en personeelontwikkelingspan moet die kumulatiewe punte bevestig voor dit by die distrikskantoor ingedien word.

3.4 Die afsluitingsdatum om alle GGBS-dokumentasie in te dien is **26 November 2021**. **Skole word vriendelik versoek om by hierdie datum te hou wat deur distrikskantore verskaf is, want dit verseker dat alle administratiewe en bestuursvereistes afgehandel is voor skole vir die betrokke jaar sluit**.

4. Die bogenoemde riglyne is ook van toepassing op opvoeders met komorbiditeite wat toestemming gegee is om tuis of vanuit 'n lokaal wat nie naby die klaskamers is nie, te werk.

5. Die gestroomlynde beoordelingsproses vir 2021 moet deur deursigtigheid gelei word terwyl die konteks van die algemene onderrig- en leeromgewing van die skool in ag geneem word.

6. Om verwysing te vergemaklik is die brief van die Departement van Basiese Onderwys, gedateer 24 Augustus 2021, hierby aangeheg.

7. Kontak gerus die volgende distrikte se prestasiebeoordelingskoördineerders indien u meer inligting benodig:

Distrikskantoor	**Koördineerder**	**E-pos**
Metro-Sentraal	Me. Lesley Hutchings	Lesley.Hutchings@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Mnr. Craig Paulsen	Craig.Paulsen@westerncape.gov.za
Metro-Noord	Mnr. Owen Weeder	Owen.Weeder@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Me. Genine Erfort	Genine.Erfort@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Mnr. Bertram Jacobs	Bertram.Jacobs@westerncape.gov.za
Weskus	Me. Janine Adonis	Janine.Adonis@westerncape.gov.za
Eden & Sentrale Karoo	Me. Yolande Damons	Yolande.Damons@westerncape.gov.za
Overberg	Mnr. Edward Kies	Edward.Kies@westerncape.gov.za

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel onder u toesig.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2021-09-20